

RESENSIES / REVIEWS

Stylboek: riglyne vir paslik skryf.

Piet du Toit en Wanda Smith-Müller.
Pretoria: Van Schaik Uitgewers, 2003.
ISBN: 0 627 02503 X.

Handboeke en gidse oor paslike taalgebruik en funksionele skryfvaardigheid is altyd welkome bydraes en belangrike toevoegings tot bestaande kennissisteme. Dit is nodig dat daar voortdurend resente gidse binne die taalgebruikskunde sal verskyn om tred te hou met die dinamiese aard van taalgebruik in verskeie kontekste. Dit is veral van toepassing op Afrikaans, waar in die verlede hoofsaaklik op die taalstruktuur gekonsentreer is. 'n Skrywer wat taalreëls goed kan toepas (deur onder meer korrekte spelling) is nog geensins 'n vaardige skrywer nie, want ander faktore speel ook 'n rol by die bepaling van styl as een van die aspekte wat tekskwaliteit bepaal.

Dit is juis binne die konteks waarin *Stylboek* se grootste waarde opgesluit lê. Dit dien as nuttige verwysingsbron deur oorsigtelik die belangrikste beginsels rakende tekskwaliteit aan te roer. Die verskillende aspekte soos duidelikheid, bondigheid, gepaste toon en aantreklikheid is goed geïntegreer en word deurlopend toegelig met voorbeelde uit Suid-Afrikaanse tekste. Alhoewel daar sterk op bestaande teoretiese raamwerke (veral vanuit Nederlandstalige bronne) gesteun word, is die boek veel meer as 'n opsomming van bestaande kennis.

Alhoewel daar gepoog word om 'n verskeidenheid van tekssoorte aan die leser voor te hou, word te sterk op koeranttekste gefokus. Dit is belangrik om lesers ook aan 'n groter korpus van korporatiewe-, beamarkings-, juridiese-, aanlyn en tekste uit

die massamedia en openbare sektor bloot te stel. Die punt is veral geldig vir studente uit vakrigtings waar taalbestudering nie die hoofklem dra nie. Studente uit die natuurwetenskappe, bestuurswetenskappe en sosiale wetenskappe kan in die verband genoem word. Die heterogene aard van die studentekorps wat kursusse in taal- en teksvaardigheid neem, maak die opname van verskeidenheid tekste des te meer relevant. My voorstel sou wees om mettertyd 'n volledige teksbundel met sinvolle, outentieke voorbeeldtekste saam te stel, sodat die student 'n sensitiwiteit vir verskeie tone, houdings en mededelings kan aankweek.

Die inleidende en oorsigtelike aard van die boek maak dit veral geskik vir gebruik in eerstejaarskursusse in taal- en teksvaardigheid. Die boek dien as 'n wegspringpunt vir die dosent om die inhoud deur klasaan-tekeninge, leesbundels en selfgekoose voorbeelde aan te vul.

Twee belangrike vrae wat opduik is: gaan die student ooit weer die handboek raadpleeg in die verdere verloop van sy/haar studies? Is dit sinvol om die boek vir 'n enkele module aan te skaf? Die hoofstuk oor die styl van wetenskaplike tekste kan as toekomstige verwysingsbron by die skryf van werkstukke vir voorgraadse studente uit verskeie vakdisiplines dien. Die hoofstuk is egter te oorsigtelik vir gebruik in meer gevorderde studies.

'n Ander kwessie wat vermelding verdien, is dat onderrig tans al hoe meer begin afwyk van tradisionele kontakonderrig. Telematiese aanbieding, maak ander afleweringformate (buiten die tradisionele handboek) noodsaaklik. Hier dink ek aan die elektroniese beskikbaarstelling van intellektuele eiendom in die vorm van tele-

matiese onderrigpakkette, hiperteksskakels en kompakskywe. Het die skrywers en uitgewer hieraan oorweging geskenk? Die tyd van die geskrewe handboek raak by die dag meer uitgedien.

Die werklike sukses al dan nie van die boek as voorskryfmateriaal sal eers beoordeel kan word, nadat die handboek vir 'n tyd lank in die lesinglokaal gebruik is. Terugvoering van studente en dosente kan van nut wees om moontlike leemtes in die boek te identifiseer.

My indruk is dat sekere afdelings in die boek oppervlakkig aangepak is. 'n Konkrete voorbeeld is die gedeelte oor leestekens as leeshulp, wat uiters oorsigtelik aan die leser voorgehou word. Aspekte rakende leestekengebruik, skryfwyses en "nuwer" woorde kon eerder op 'n uitgebreide wyse in 'n addendum opgeneem word.

Die oefeninge aan die einde van elke hoofstuk is goed gestruktureer, omdat dit ingedeel is volgens die bepaalde beginsels wat in die betrokke hoofstuk aangeroei is. Die leser kan dan self sien watter beginsels hy/sy maklik kan toepas en aan watter beginsels meer aandag gegee moet word. Daar kan selfs gedink word om later hierdie oefeninge uit te brei en in 'n aparte werkboek op te neem.

Oorhoofs gesien lewer *Stylboek: riglyne vir paslik skryf* 'n belangrike en nodige bydrae. Die skrywers moet gelukkigewens word met hul inisiatief, maar die boek laat tog ruimte vir verbetering.

Neil Cochrane

Universiteit van Pretoria

E-pos: cochrane@postino.up.ac.za

Southern African Literatures.

Michael Chapman. Scottsville:
University of Natal Press, 2003.
(2nd edition). ISBN 1-86914-028-1.

Toen in 1996 de eerste editie van Michael Chapman's *Southern African Literatures* verscheen, uitten verschillende Zuid-Afrikaan-

se critici bedenkingen tegen het feit dat het boek bij een buitenlandse uitgeverij werd gepubliceerd. Het maakte namelijk deel uit van de "Longman Literature in English Series." Voor critici als Ampie Coetzee (*Alteration* 3 (2)) en Helize van Vuuren (*Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 13 (1/2)) was het feit dat het boek werd aangeboden in een reeks *Comprehensive guides written in English* aanleiding om vraagtekens te plaatsen bij het neo-koloniale karakter van Chapman's onderneming.

Met de heruitgave van *Southern African Literatures* door de University of Natal Press lijkt dit bezwaar te zijn weggenomen. Maar dat is dan ook het enige probleem dat is opgelost, want aan de inhoud van het boek, dat in 1996 veel kritiek opriep, heeft Chapman deels om de kosten van de uitgave te beperken en deels om de gedachtegang die aan zijn tekst ten grondslag ligt niet te doorbreken niets veranderd. Alleen heeft hij de "Preface" aangegrepen om nog eens zijn bedoelingen met het boek uiteen te zetten en vluchtig te reageren op enkele bezwaren.

Chapman's inzet was hoog. Doel was om niet alleen de verschillende literaire tradities van Zuid-Afrika te behandelen, maar ook die van Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Zambia, Malawi, Angola, Mozambique en Namibië. In de praktijk ging de aandacht van de auteur echter vooral uit naar Zuid-Afrika; de literaturen van de andere landen zijn gezamenlijk ondergebracht in één afzonderlijke afdeling van het boek, die hier verder buiten beschouwing zal blijven.

Dat Chapman de greep op zijn materiaal niet volledig heeft verloren, komt doordat hij alle gegevens heeft ondergebracht in één verhaallijn, die naarmate het boek vordert steeds nadrukkelijker doorklinkt. "Without diminishing 'difference'", aldus Chapman (430), "it has been important to examine the potential of a common humanism, hether in the utterance of an ancient Bush-